33 Vrae

Die vrae reeks

Vraag 1: Ken jy die Koninklike orde van *1 Kor.8:6; 11:3*
Antwoord: Eerstens VADER, dan SY Seun YHUH, dan YHUH se skepping die manlike Adamiete en dan die vrou.

Vraag 2: Bestaan daar 'n drie eenheid ? *Hand.7:55*
A)Nee, want daar is 'n VADER en 'n Seun en die Gees is VADER sin.

Vraag 3: Wie is Koning, daar in die hemele ? *Joh.1:50*
A)YAHUSHA wat YHUH is, is Koning wat aangestel is deur VADER.

Vraag 4: Ken jy die Koninkryk van VADER ?
A)Nee ek ken nie VADER se koninkryk nie. Ek ken wel die Koning en dat ek Sy prins is, waarvan VADER aan die hoof staan.

Vraag 5: Vir wie is die waarheid ? *Joh.14:17*
A)Slegs vir die uitverkorene wat deel aan die biologiese Bloedlyn.

Vraag 6: Is redding vir almal *? Jes.51:1 – 4*
A)Net die wat kan herbou op die puinhope van ons voorvader.

Vraag 7: Is daar 'n verskil tussen lossing en verlossing ? *Jes.41;14*
A)Ja, want YAHUSHA het die ewige Lossing teweeg gebring (as Broer) Hy het ons nie net tydelik kom verlos nie.

Vraag 8: Ken jy die lossings Wet ? *Lev. 25: 25*
A)Dit is slegs vir die biologiese bloedlyn, soos 'n broer of oom. Daarom is dit YAHUSHA, ons "Broer".

Vraag 9: Ken en doen jy die opdragte van *Matt.28:19*
A) Ja, ek doen dit onder 'die' volk wat onder die nasies op die aarde is.

Vraag 10: Ken jy die huwelik Verbonde ?
A) Ja en nee. Hoekom nee, omdat ons nie meer in huwelik is met YHUH nie. Die nuwe huwelik (Verbond) is op pad.

Vraag 11: Waar gaan jou tiendes heen ? *Mal.3:10*
A)Net na YHUH toe en nie na jou naaste toe nie.

Vraag 12: (a) Wie is die antichris (anti–Messiahs)? *1 Joh. 2:18*
A) Almal wat in die plek van die oorspronklike Naam van die Seun of VADER plaas, nl.: (H-re)→ YHUH of Gesalfde; (God)→ Skepper; (J-sus) →YAHUSHA;)Christus) → Gesalfde.

Vraag 13: Hou jy Sabbat ?
A) 12 uur Vrydag tot 12 uur Saterdag.

Vraag 14: As julle vergaderings hou, wie is teenwoordig van *Matt.18:20*
A)*Joh.14:23*. VADER en SY Seun wat verteenwoordig word in die Rein Gees van VADER.

Vraag 15: (a)Is jy gedoop (b) hoe is jy gedoop (c) in watter Naam is jy gedoop. *Hand.2:38*
A)In die Naam van VADER se Seun, YAHUSHA dié Gesalfde.

Vraag 16: Wanneer het die nuwe Testament begin ? *Matt.26;28*
A) Dit moet lees Verbond, en dit het reeds "begin" in YAHUSHA se Bloed, maar sal in werking tree wanneer YAHUSHA gaan kom as YHUH dié Koning.

Vraag 17: Tot wanneer strek die ou Verbond in die Skrifte ? *Joh.19:30*
A) Dit strek tot op die foltering van YAHUSHA.

Vraag 18: Het die nuwe Verbond al ingetree?
A) Ja en nee. Dit het ingetree deur die bloed van YAHUSHA, m.a.w. die guns tydperk waarvan ons onder Sy Wette resiteer tot beskerming tot Hy kom. Dus nog sonder verbond voltrekking, maar gereed daarvoor.

Vraag 19: Het die Wette (nie die huwelik wette nie) verval *? Jak.4:12*
A) Nee die Wette staan vas, want YAHUSHA is die Wet.

Vraag 20: Het die huwelik wette verval ? *Jes.50:1*
A) Ja nadat ons YHUH verwerp het as Koning en Hy 'n skeibrief gegee het. Dus het die huwelik verbond saam met sy wette verval.

Vraag 21: Mag ons Saligheid sê ?
A) Nee ons mag nie, dit moet 'redding of lossing' wees. Salig is gekoppel aan Salus = Heil, gesondheid en gesond wat 'n aanbidding van die godin van die Romeine is.

Vraag 22: Is lossing vir almal ?
A) Nee slegs vir die uitverkore Israeliet m.a.w. Saksers / die 12 stamme.

Vraag 23: Kan ander volke ook gelos en gered word ?
A) Nee, want eers moet inkering en bekering tot YHUH plaasvind en hoe kan hulle as hulle nooit YHUH geken of onder Sy Wette gestaan het nie, m.a.w. hulle kan ook nie eens gestraf word weens ons Wette nie.

Vraag 23: Kan ander volke op die Israeliete se puinhope 'herbou' of hulle mense herinner dat hul voorvaders in Egipte was of dat hulle slawe was onder die Egiptenare ?
A) Nee, want dit was slegs die gesin van Jakob (70 siele / 12 stamme) wat in Egipte was onder die verdrukking.

Vraag 24: Hoekom het YHUH net in Adam die gees van die Lewe ingeblaas ? *Mal.2:15*
A) Omrede YHUH 'n Koninklike bloedlyn (familie) daar gestel het.

Vraag 25: Is dit nodig om gedoop te word ? *Hand.8:12*
A) Ja, want dit is een van die stappe wat gevolg moet word wat ons tot voorbereiding as bruid vir YHUH (die Bruidegom) moet doen.

Vraag 26: Is Christendom 'n nuwe geloof ?
A) Ja, want dit het sy ontstaan rondom Paulus gehad en dat dit deur Konstantyn gesimuleer was.

Vraag 27: Glo Christene anders as Israeliete ?
A) Ja, want almal is welkom, nie onder die Wette, net onder genade, gebruik ander name in die Skepper se Naam, ens.

Vraag 28: Kan ander volke in die bloedlyn van die Israeliete kom ?
A) Nee, want slegs deur geboorte (Biologiese bloedlyn) is die moontlik.

Vraag 29: Waar in die Skrifte staan dit dat ons kerke moes bou ?
A) Nêrens. Slegs feestelike samekomste.

Vraag 30: Staan jy net onder die genade?
A) Nee. Eerstens moet genade as guns gelees word. Tweedens as jy in guns by VADER wil kom, kom onderhou SY Gebooie en doen die Sabbat en Sabbatte. Derdens as oortreder van die Wette moet jy gedoop word.

Vraag 31: Wat haat YHUH ?
A) Boosheid; Leuens; Twyfelaars; Trotse oë; Moordenaars; Skelms; Kwaadsprekers; Skinder; Tweedrag saaiers; Luiaards; Valse feeste; Hoereerders; Egskeidings; Broeder haters; ens. *Amos.5:15.*

Vraag 32: Is ons alreeds in die Duisend jaar Vrede ?
A) Nee. Eers moet die 7 plae val en so ook die openbaring van die strydende een, satan.

Vraag 33: Wat staan ons te doen in die laaste tyd ?
A) Glo en vertrou in VADER se Woord (YAHUSHA) Bely die Seun by al jou broers. Gaan en maak dissipels en verkondig die Koninkryk. Waarsku jou broers teen satan en sy magte. Bly onder dié Vaandel van YAHUSHA en hou die Gebooie, want daarin lê die Lewe.